

HORTGRO

Growing Fruit IQ



Tel +27 21 870 2900 - Fax +27 21 870 2915 - Email info@hortgro.co.za - Website www.hortgro.co.za

258 Main Street, PO Box 163, PAARL 7620 - Hoofstraat 258, Posbus 163, PAARL 7620

HORTGRO (Pty) Ltd (Edms) Bpk - Reg No 2005/010343/07

Persverklaring: 5 Februarie 2018

Vrugteprodusente maak harte en sluisse oop

Vrugteprodusente van Grabouw en Elgin gaan tussen 7.5 en 10 miljoen kubieke meter water aan die Kaapstadse metro skenk. Die produsente het hulle harte en sluisse oopgemaak om "hulle deel te doen" en Kaapstad met die huidige waterkrisis te help.

Boere wat aan die Groenland Watergebruikersvereniging (GWUA), 'n privaat waternetwerk behoort, het na samesprekings besluit om die eenmalige skenking te maak. Die water kom uit privaatdamme in die gebied.

Volgens Johan Groenewald, uitvoerende hoof van die GWUA, het produsente van Grabouw en Elgin genoeg water vir dié huidige seisoen. "Produsente het self op die goeie daad besluit. Ons val in 'n ander opvangsgebied en hoewel ons reënval ook die afgelope drie jaar veel laer as normaal was, het boere in die omgewing besef dat ons tans in 'n meer gunstige posisie as Stad Kaapstad is."

Ross Heyns, voorsitter van die EGVV* Landbouvereniging, het gesê die skenking sal boere aan die einde van die huidige seisoen in 'n moeilike posisie plaas. "Ons gaan afhanklik wees van goeie winterreënval om reserwes weer aan te vul vir die volgende seisoen."

Volgens Groenewald het produsente in die streek vroeg reeds begin beplan en saam na besproeiingstegnieke gekyk. "Produsente pas byvoorbeeld beter skeduleringsaksies toe en maak seker dat alle plaastoerusting gereeld nagegaan word en dat daar geen lekkasies is nie. Ons lig ook gereeld alle waterverbruikers in oor die waterskaarste. Daar is 'n duidelike kopskuif onder waterverbruikers en almal besef water is 'n skaars natuurlike hulpbron."

Produsente in die Elgin en Grabouw-streek het oor etlike jare heen 'n groot aantal damme met privaatgeld gebou om die sagtevrugtebedryf in dié streek te ontwikkel. Die water word op 'n volhoubare en verantwoordelike manier bestuur. Die GWUA voorsien nie water aan die Vyeboom en Villiersdorp-omgewing nie, omdat dié boere water uit die Theewaterskloofdam kry. Die twee waterskemas is nie met mekaar verbind nie.

*Elgin, Grabouw, Vyeboom, Villiersdorp

Vir meer inligting kontak Johan Groenewald: johan@groenlandwater.co.za

Fruit producers open hearts and sluices

Deciduous fruit growers from Grabouw and Elgin will donate between 7.5 and 10 million cubic meters of water to the City of Cape Town. The growers opened their hearts and sluices to "give their share" and help the Cape Metro with the current water crisis.

After careful consultation deciduous fruit growers from the Groenland Water User Association (GWUA), a private water network, decided to make the one-time donation. The water comes from private dams in the area.

According to Johan Groenewald, CEO of the GWUA, Grabouw and Elgin producers have enough water for the current season. "We are in a different catchment area than the City of Cape Town, and although our rainfall has been much lower than what we are used to, farmers in the area realised that we are currently in a more favourable position than the City of Cape Town. Thus, they decided to 'pay-it forward'."

Ross Heyns, chairman of the EGVV* Agricultural Association, said the donation could put farmers in a difficult position at the end of the current season. "We will be dependent on a good winter rainfall to replenish reserves for the next season."

According to Groenewald, producers in the region have been pro-active with drought-planning and used water-wise irrigation techniques. "For example, producers apply better scheduling programmes and make sure all equipment is regularly checked for leaks. We also regularly inform all water users about the water scarcity. There is a clear shift among water consumers and everyone realizes water is a scarce natural resource."

In an effort to develop the deciduous fruit industry in the region, Elgin and Grabouw fruit growers have over several years built dams with private money. The water is managed in a sustainable and responsible manner. The GWUA does not provide water to the Vyeboom and Villiersdorp area, because these farmers get water from Theewaterskloof Dam. The two water networks are not connected.

*Elgin, Grabouw, Vyeboom, Villiersdorp

For more information contact Johan Groenewald: johan@groenlandwater.co.za